

Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring



Verdere Onderwys- en Opleidingsfase Graad 10-12



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING
GRAAD 10-12**

ONTWERP

Departement van Basiese Onderwys

Strubenstraat 222

Privaatsak X895

Pretoria 0001

Suid-Afrika

Tel: +27 12 357 3000

Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023

Kaapstad 8000

Suid-Afrika

Tel: +27 21 465 1701

Faks: +27 21 461 8110

Webtuiste: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Departement van Basiese Onderwys

ISBN: 978-1-4315-0624-8

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
 - Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
 - Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik dié vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geïntegreer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP
MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS

INHOUD

AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING	3
1.1 Agtergrond.....	3
1.2 Oorsig.....	3
1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum.....	4
1.4 Toekenning van tyd.....	6
1.4.1 Grondslagfase	6
1.4.2 Intermediêre Fase	6
1.4.3 Senior Fase.....	7
1.4.4 Graad 10-12	7
AFDELING 2: ONTWERP	8
2.1 Wat is Ontwerp?	8
2.2 Spesifieke doelstellings.....	8
2.3 Tydstoekenning vir Ontwerp	9
2.4 Oorsig van onderwepe en gewigstoekenning.....	9
2.5 Inhoud	10
2.6 Onderrigriglyne	14
2.7 Vordering.....	19
AFDELING 3: KWARTAALPLANNE	21
AFDELING 4: ASSESSERING	45
4.1 Inleiding.....	45
4.2 Informele daaglikse assessering.....	45
4.3 Formele assessering.....	45
4.3.1 Formele assesseringsvereistes.....	45
4.3.2 Tipes formele assessering vir Ontwerp.....	47
4.4 Assesseringkriteria vir praktiese werk (FET)	53
4.5 Opname en verslag	54
4.6 Moderering van assessering	56
4.6.1 Formele Assessering (SGA)	56
4.6.2 Praktiese assesseringstaak (PAT)	56
4.6.3 Finale praktiese eksterne eksamen	56
4.7 Algemeen	56

AFDELING 1

INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
 - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
 - (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012)*.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
 - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrafe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
 - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124*, in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
 - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 27819* van 20 Julie 2005;

- (iv) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoefes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (v) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing, No. 1267*, in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12*. Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:
- om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
 - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
 - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
 - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
- *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
 - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
 - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

Progressie: Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid:* Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelukheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
 - *Waardering vir inheemse kennissisteme:* Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
 - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid:* Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.
- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
 - werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
 - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
 - versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
 - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
 - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
 - begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiering te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

1.4 Tydstoekening

1.4.1 Grondslagfase

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1)	(1)	(1)
TOTAAL	23	23	25

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

1.4.2 Intermediêre Fase

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
• Skeppende Kunste	(1,5)
• Liggaamlike Opvoeding	(1)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1,5)
TOTAAL	27,5

1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
TOTAAL	27,5

1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8) van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in paragraaf 28 van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
TOTAAL	27,5

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

AFDELING 2

ONTWERP

2.1 Wat is Ontwerp?

Ontwerp is 'n kreatiewe probleemoplossingsproses en sluit die studie van ontwerppraktyk en ontwerptheorie in. Die ontwerpproses behels probleemidentifisering, beplanning, navorsing, innovasie, konseptualisering, eksperimentasie en kritiese refleksie.

Hierdie proses is die gevolg van nuwe omgewings, sisteme, dienste en produkte, wat uniek is, of bedoel is vir massaproduksie, of wat met die hand, of deur masjinerie en/of elektroniese middele, vervaardig kan word.

Ontwerp dra by tot lewenskwaliteit deur produkte te ontwerp wat 'n doel het, wat funksioneel is, en wat estetiese waarde het.

Ontwerpprodukte kan die sosiale, kulturele en fisiese omgewing hervorm om die nasie te bevoordeel.

Die belangrikste is egter dat Ontwerp die leerders met kulturele lewensvaardighede moet toerus, soos visuele geletterdheid, kritiese en kreatiewe denke, selfdisipline en leierskap. Dit moedig die leerders ook aan om vindingryk en ondernemend te wees, om strategies te dink en om, uiteindelik, spanspelers te wees.

2.2 Spesifieke doelstellings

In graad 10 tot 12, sal leerders wat Ontwerp bestudeer:

- die vaardigheid ontwikkel om te kan analiseer, vindingryk en innoverend te wees, asook visuele taal te kan vertolk
- kennis, tegniese- en konseptualiseringsvaardighede, produksie en kontekste van ontwerp te ontwikkel
- verskillende materiale, prosesse en tegnieke doeltreffend, ekonomies, veilig en verantwoordelik te kan verken en te kan manipuleer
- hulle eie werk, en dié van ander, te kan beoordeel
- verstaan dat ontwerp 'n instrument vir sosiale verandering kan wees deur lewenskwaliteit met betrekking tot individuele en die gemeenskap se behoeftes, te kan verbeter en oplossings te kan voorsien
- die sosiale en geskiedkundige bydrae van ontwerp met betrekking tot ekonomiese groei, entrepreneurskap en volhoubare ontwikkeling, verstaan
- 'n bewustheid van loopbaangeleenthede in die ontwerpindustrie ontwikkel
- hulle eie werkproses en tydsbestuur kan behartig
- aanbiedings- en kommunikasievaardighede ontwikkel, om sodoende ontwerpkonsepte akkuraat oor te dra
- oor ontwerp, kuns en kunsvlyt, plaaslik en internasionaal, asook eertydse en huidige kulture, te kan reflekteer en te kan herken

2.3 Tydstoekening vir Ontwerp

Ontwerponderwysers is op 'n minimum van vier lesure per vyfdag-week geregtig. Bo en behalwe hierdie tyd, word daar van Ontwerpleerders verwag om na skool te werk

Aangesien die praktiese komponente van Ontwerp baie tyd in beslag neem, moet die praktiese en teoretiese aspekte, waar moontlik, geïntegreer word. Die verhouding van praktiese tot teoretiese onderwystyd moet 3: 1 wees. Die gewigstoekening van die assessering van die praktiese en teoretiese komponente is 60%: 40%.

2.4 Oorsig van onderwepe en gewigstoekening

Ontwerp gebruik die volgende drie (3) onderwerpe wat elke kwartaal, in elke graad, herhaal word:

	Onderwerpe	Gewigstoekening: Vier (4) ure per week
1	Ontwerpproses en faktore wat die proses beïnvloed Ontwerp in 'n besigheidskonteks	30% 15 uur per praktiese taak per kwartaal Ontwerp in 'n besigheidskonteks moet as onafhanklike navorsing gedurende die proses aangebied word
2	Ontwerpproduksie, tydsbestuur en veilige praktyk	30% 15 uur per praktiese taak per kwartaal
3	Ontwerpteorie: • Ontwerpgeskiedenis • Ontwerpgeletterdheid • Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks	40% Minimum van een (1) uur per week gedurende die jaar Elke komponent kan in 'n module onderrig word

NEEM KENNIS: Die bogenoemde gewigstoekening is 'n beraming en kan van taak tot taak verander.

2.5 Inhoud

Graad	Oorsig van onderwerpe
<p>Onderwerp 1: Ontwerpproses en faktore wat die proses beïnvloed</p> <p>Ontwerp in 'n besigheidskonteks</p>	
<p>10</p>	<p>Proses</p> <p>Basiese kennis en toepassing van die ontwerpproses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vanaf 'n opdrag werk • Die inhoud ondersoek. • Idees ontwikkel en verskillende benaderings en metodes ondersoek. • Die gebruik van gepaste materiale ondersoek. • Voorbeelde, prototipes of makette produseer.. • Die idees wat voorgestel is, evalueer en die beste oplossing kies. • Kennis en 'n waardering van Ontwerp as 'n kragtige instrument van verandering wat lewenskwaliteit verbeter. <p>Beïnvloedingsfaktore</p> <ul style="list-style-type: none"> • Basiese kennis en 'n bewustheid van estetika en funksionaliteit. • 'n Bewustheid van verantwoordelike ontwerppraktyk. • Ontwikkeling van tekenvaardigheide. <p>Ontwerp in 'n besigheidskonteks: Navorsing</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Bewustheid van maniere waarop ontwerpprodukte en dienste bemark kan word (visuele bemarking).
<p>11</p>	<p>Proses</p> <p>'n Begrip van die interafhanklike aard van die beplannings-, uitvoerings- en refleksiesiklus wat deur ontwerp geïnsipreer word.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vanaf 'n opdrag werk, of 'n behoefte, probleem of geleentheid identifiseer. • Die inhoud ondersoek. • Idees ontwikkel en verskillende benaderings en metodes ondersoek. • Die gebruik van gepaste materiale en produksietegniese ondersoek. • Voorbeelde, prototipes of makette verskaf. • Die idees wat voorgestel is, evalueer en die beste oplossing kies. • Kennis en 'n waardering van Ontwerp as 'n kragtige instrument van verandering om lewenskwaliteit te verbeter. <p>Beïnvloedingsfaktore</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kennis en 'n bewustheid van estetika en funksionaliteit, tendense en markte. • Basiese kennis van die verskil tussen ontwerp vir 'n doel, of ontwerp wat die mark vereis. • Basiese kennis van verantwoordelike ontwerppraktyk. • Verdere ontwikkeling van tekenvaardighede. <p>Ontwerp in 'n Besigheidskonteks: Navorsing</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die basiese beginsels van kosteberekening en prysbepaling in die bemarking van 'n ontwerpprodukt of diens. • 'n Vermoë om produkte en dienste in terme van teikenmarkte te ontwerp. • Die besigheids- en sosiale verantwoordelikheid van ontwerpers. • Uitstappies onderneem om loopbaan- en tersiëre geleenthede in ontwerp te ondersoek. • Curriculum Vitae (CV) en aansoekbriewe aan 'n tersiëre inrigting stuur wat die kursus Ontwerp aanbied (indien van toepassing).

Graad	Oorsig van onderwerpe
12	<p>Proses</p> <p>'n Deeglike begrip van die interafhanklike aard van die beplannings-, uitvoerings- en refleksiesiklus demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vanaf 'n opdrag werk of 'n behoefte, probleem of geleentheid identifiseer. • Die inhoud ondersoek. • Idees ontwikkel en verskillende benaderings en metodes ondersoek. • Die gebruik van gepaste materiale en produksietegnieke ondersoek. • Voorbeelde, prototipes of makette verskaf. • Die idees wat voorgestel is evalueer en die beste oplossing kies. • Kennis en waardering vir ontwerp as 'n kragtige instrument van verandering wat lewenswalitiet kan verbeter, bekom. <p>Beïnvloedingsfaktore</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kennis en 'n bewustheid van estetika en funksionaliteit, tendense en markte. • Kennis van die verskil tussen ontwerp vir 'n doel of ontwerp wat die mark vereis. • Kennis en 'n waardering van verantwoordelike ontwerppraktyk. • Voortgesette ontwikkeling van tekensvaardighede. <p>Ontwerp in 'n Besigheidskonteks: Navorsing</p> <ul style="list-style-type: none"> • Een bekroonde Suid-Afrikaanse ontwerper, ontwerpagentskap of maatskappy. • 'n Basiese begrip van die bemarking van ontwerpprodukte in terme van teikenmarkte, verpakking en advertering. • 'n Begrip van verantwoordelike ontwerp deur deurgaans van menseregte en omgewingskwessies bewus te wees. • Uitstappies om loopbaan- en tersiêre geleenthede in ontwerp te ondersoek. • Loopbaangeleenthede binne die ontwerpdissipline: omvang, werksfeer, opleiding benodig en opleidingsbesikbaarheid.

Graad	Oorsig van onderwerpe
Onderwerp 2: Ontwerpproduksie, tydsbestuur en veilige praktyk	
10	<p>Ontwerpproduksie – die maak en aanbieding van ‘n produk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Inleiding tot ontwerpprosesse, produkte en materiale. • Aanwending en toepassing van bewyse van die ontwerpproses. (Die finale produk/oplossing moet duidelike bewyse toon van die ontwerpproses, asook toepaslikheid t.o.v die opdrag/probleem.) • Basiese bekwaamheid demonstreeer met die gebruik van materiale en tegnieke wat gekies was om ontwerpoplossings te skep • Aanbieding en kommunikasie van ‘n ontwerpoplossing. • Die ontwerpelemente en beginsels van die finale produk, diens of omgewing gebruik en bespreek. <p>Tydsbestuur</p> <ul style="list-style-type: none"> • Self-dissipline. • Beplanning, organisering en bestuur van eie werk • By tydskedules hou. <p>Veilige praktyk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Veilige werkpraktyke ten alle tye gedurende die gebruik van materiale en toerusting. • ‘n Basiese begrip van die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat met die gebruik van materiale verband hou.
11	<p>Ontwerpproduksie – die maak en aanbieding van ‘n produk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aanwending en verskaffing van bewyse gedurende die ontwerpproses. (Die finale produk/oplossing moet duidelike bewyse toon van die ontwerpproses, asook toepaslikheid t.o.v die opdrag/probleem.) • Bekwaamheid met die gebruik van materiale en tegnieke demonstreeer wat gekies was om die ontwerpoplossings te skep. • Voorstelling en effektiewe kommunikasie van die ontwerpoplossing. • Die keuse van ontwerpelemente, beginsels en materiale van die finale produk, diens of omgewing interpreteer, gebruik en verduidelik. <p>Tydsbestuur</p> <ul style="list-style-type: none"> • Self-dissipline. • Beplanning, organisering en bestuur van eie werk • By tydskedules hou. <p>Veilige praktyk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Veilige werkspraktyke ten alle tye gedurende die gebruik van materiale en toerusting. • ‘n Begrip van die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat met die gebruik van materiale verband hou.

Graad	Oorsig van onderwerpe
12	<p>Ontwerpproduksie – die maak en aanbieding van ‘n produk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aanwending en verskaffing van bewyse in die ontwerpproses. (Die finale produk/oplossing moet duidelike bewyse van die ontwerpproses en toepaslikheid tot die opdrag/probleem toon.) • Vaardigheid met die gebruik van materiale en tegnieke demonstreer wat gekies was om die ontwerpoplossings te skep. • Voorstelling en effektiewe kommunikasie van die ontwerpoplossing. • Die keuse van ontwerpelemente, beginsels en materiale van die finale produk, diens of omgewing interpreteer, gebruik en verduidelik. <p>Tydsbestuur</p> <ul style="list-style-type: none"> • Self-dissipline. • Beplanning, organisering en bestuur van eie werk. • By tydskedules hou. <p>Veilige praktyk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Veilige werkspraktyke ten alle tye gedurende die gebruik van materiale en toerusting. • ‘n Begrip van die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat met die gebruik van materiale verband hou.
Onderwerp 3: Ontwerpteorie, ontwerpgeletterdheid, ontwerpgeskiedenis en ontwerp in ‘n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks	
10	<p>Ontwerpgeletterdheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Basiese kennis van die teorie en die terminologie wat ontwerp in teorie en praktyk onderskryf en ondersteun. <p>Ontwerpgeskiedenis</p> <ul style="list-style-type: none"> • Basiese kennis wat onderliggend is aan die historiese ontwikkeling, eienskappe en invloede van style in ontwerp (insluitende klassieke ontwerp). <p>Ontwerp in ‘n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bewustheid demonstreer van hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing vorm. • Maniere waarop ontwerp gebruik kan word om die gemeenskap te bevoordeel, te verstaan en te verduidelik. • Tekens en simbole in ons wêreld ondersoek en interpreteer.
11	<p>Ontwerpgeletterdheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kennis van die teorie en die terminologie wat ontwerp in teorie en praktyk onderskryf en ondersteun. <p>Ontwerpgeskiedenis</p> <ul style="list-style-type: none"> • Grondige kennis van die geskiedkundige ontwikkeling, eienskappe en invloede van style in ontwerp. <p>Ontwerp in ‘n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks</p> <ul style="list-style-type: none"> • Krities reflekteer oor hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing vorm. • Maniere demonstreer waarop ontwerp gebruik kan word om die gemeenskap te bevorder. • Tekens en simbole, stereotipering, vooroordeel en partydigheid in ontwerp verstaan.

Graad	Oorsig van onderwerpe
12	<p>Ontwerpgeletterdheid</p> <ul style="list-style-type: none"> Die toepassing van die teorie en die terminologie wat ontwerp in teorie en prakties ondersteun en beskryf, met vertroue. <p>Ontwerpgeskiedenis</p> <ul style="list-style-type: none"> ONTWERPBEWEGINGS HERSIEN SOOS GELEER IN GRAAD 10 EN 11. Duidelike kennis van die geskiedkundige ontwikkeling, eienskappe en invloede van style in ontwerp. <p>Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n Begrip van die maniere waarop ontwerp gebruik kan word demonstreer om sosiale-, kulturele-, omgewings- en etiese kwessies te versterk of uit te daag. Tekens en simbole, stereotipering, vooroordeel en partydigheid in ontwerp verstaan en interpreteer. 'n Begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede in verhouding tot omgewingskwessies en volhoubare ontwerp demonstreer Een Suid-Afrikaanse ontwerper betrokke by sosiale kwessies Een internasionale ontwerper betrokke by sosiale kwessies Een Suid-Afrikaanse ontwerper betrokke by omgewingskwessies Een internasionale ontwerper betrokke by omgewingskwessies

2.6 Onderrigriglyne

Baie aspekte van Ontwerp gedurende graad 10 tot 12 kan gedek word, maar dit is onmoontlik om alles in te sluit. Die kurrikulum is aanpasbaar genoeg om verskille tussen skole, onderwysers se spesialiteitsvaardighede en leerders te akkommodeer, asook om kreatiwiteit en diversiteit aan te moedig. 'n Gespesialiseerde veld van fokus vanaf graad 11 word voorgestel om progressie en ontwikkeling te verseker (sien Addendum A). Daar is 'n keuse van **een** van die volgende kategorieë as 'n spesifieke ontdekkingsveld:

1. Visuele Kommunikasie-/Inligtingsontwerp en/of Digitale ontwerp
2. Oppervlakontwerp en Tweedimensionele handwerkontwerp
3. Produkontwerp en Driedimensionele handwerkontwerp
4. Omgewingsontwerp

Die inhoud, konsepte en vaardighede vir die vak Ontwerp is in drie onderwerpe ingesluit. Al drie onderwerpe, naamlik die **ontwerpproses, ontwerpproduksie en ontwerpteorie, word elke kwartaal herhaal**. Hierdie onderwerpe is nie gesamentlik eksklusief nie, maar is onderling verwant en inkorporeer spesifieke praktiese en teoretiese ontwerpvaardighede, kennis en waardes wat in toenemende ingewikkeldheid vanaf graad 10 tot graad 12 ontwikkel moet word.

Onderwerp 1 (Proses) en Onderwerp 2 (Produksie) is die kreatiewe of praktiese aspekte van die vak en is nou verwant aan mekaar. Die ontwerpproses (beplanning) en produksie (vervaardiging) behels, in wese, *hoe om te ontwerp*.

Onderwerp 3 (Ontwerpteorie) is die teoretiese aspek van die vak en sluit 'n oorsig in van ontwerpgeletterdheid, die geskiedenis van ontwerp, ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks, asook ontwerp in 'n besigheidskonteks (met Onderwerp 1, Proses geïntegreer).

Die teorie hoef nie altyd met die prakties ooreen te stem nie en kan afsonderlik gedoen word. Dit kan egter nuttig wees

om die prakties spesifiek met die teorie te verbind, omdat ontwerpteorie aan die ontwerpproses en produksie gekoppel is. Dit sal die leerders in staat stel om visuele, ontwerp- en kulturele geletterdheid te ontwikkel, ontwerpprodukte te kontekstualiseer en te interpreteer, asook die gebruik van nie-verbale (visuele of simboliese) taal as 'n manier om nuwe idees, konsepte en begrippe te kommunikeer. Gee, byvoorbeeld, vir die leerders 'n stileringsprojek vir Onderwerpe 1 en 2 waarin hulle Art Deco-geïnspireerde verpakking kan ontwerp terwyl hulle Art Deco in Onderwerp 3 bestudeer.

Die geskiedenis van ontwerp kan nie afsonderlik of in die konteks van net een land beskou word nie. Die globale belangrikheid van die ontwerpgeskiedenis moet beklemtoon word om sodoende die leerders met die nodige kennis ten opsigte van kreatiewe en innoverende ontwerpe toe te rus. Hierdie kennis sal die leerder bemagtig om bestaande ontwerpkonsepte te kan verbeter. Die leerder moet ontwerp van die verlede verstaan om sodoende suksesvol in ontwerp in die toekoms te wees.

Die onderrig van praktiese ontwerpinhoud, -konsepte en -vaardighede is siklies eerder as liniêr. Hierdie elemente word gedurende die jaar, elke jaar, met toenemende vlakke van ingewikkeldheid geleer. Onderwysers moet hoë verwagtinge van die leerders se vermoë om te presteer, koester, en moet hulle lesse beplan om aan die veelvoudige vlakke van vaardigheid in elke klas te voldoen. Verdere riglyne vir die onderrig van hierdie onderwerpe volg hieronder en sluit 'n kontrolelys vir deurlopende assessering in.

Onderwerp 1: Ontwerpproses en faktore wat die proses beïnvloed.

Die bronboek/werkboek is die manifestasie van Onderwerp 1. Hierdie bronboek/werkboek is 'n persoonlike 'plakboek' van idees en prikkels, wat die individu se eie styl, belangstellings en persoonlikheid weerspieël. Dit behoort vol opwindende idees en beelde, en 'n nuttige bron vir gebruik in praktiese opdragte te wees. Leerders moet al hulle konseptuele idees, beplanning, eksperimentering en navorsing in hulle ontwerpbronboek/werkboek plaas. Daar moet 'n bronboek/werkboek vir elke graad wees.

Die bronboek/werkboek verskaf 'n insig op die manier waarop die leerders idees gevorm het, hoeveel alternatiewe hulle ondersoek het, en ander prosesse wat tot die finale werk gelei het. Die bronboek/werkboek moet al die denkproesse wat tot die maak van die ontwerpproduk gelei het, duidelik weergee. Die grootte van die bronboek/werkboek sal van die konteks van die spesifieke skool/inrigting afhang.

Onderwerp 1: Bronboek/werkboek (Proses)

VOORBEELD VAN 'N KONTROLELYS EN ASSESSERINGSINSTRUMENT

KRITERIA/VEREISTES		
Uitdrukking van doel en rasionaal/grondrede/konsep	√	10
Bewyse van navorsing, eksperimentasie en refleksie	√	10
Bewyse van gedetailleerde beplanning, tekenvaardighede en aanbieding	√	10
Bewyse van finale tekening/collage/makette	√	10
Navorsing (Ontwerp in 'n besigheidskonteks)	√	10
TOTAAL		50

Onderwerp 2: Ontwerpproduksie, tydsbestuur en veilige praktyk

- Die praktiese komponent moet so beplan word dat die praktiese werk ontwikkelingsgerig is, en progressie van vaardighede en take binne elke graad toon.
- Dit moet na aanleiding van die hulpbronne, materiale, toerusting en fasiliteite by 'n skool geskik wees.
- Dit moet deur 'n leerder se bronboek ondersteun word.
- Dit moet 'n verskeidenheid van mediums, tegnieke, dissiplines en benaderings toelaat.
- Dit moet met die leerder se eie ondervindings en konteks verband hou.

Idees vir die opstel van praktiese opdragte

- Formele, vaardigheidsgerigte en tegniese opdragte.
- Leerders gebruik 'n taalgebaseerde stimulus (woord, gedig, uittreksel, sinonieme, definisies, ens.)
- Leerders reageer ten opsigte van 'n huidige gebeurtenis, 'n saak relevant tot hulle eie ondervindings, ander bestaande ontwerpe, ens.
- Verskillende benaderings om beelde aan te teken, soos byvoorbeeld d.m.v. observasie, analise, uitdrukking en verbeelding.
- Ondersoek na die konvensies van figuurlike, verteenwoordigende en abstrakte beelde.

Dit is belangrik om direkte kopiëring van tydskrifte, die internet, ens. te verbied. Direkte kopiëring van 'n ontwerp/beeld, wat nie die leerder se eie werk is nie, moet geenaliseer word. Dit is 'n vorm van plagiaat en is onaanvaarbaar. Die proses van transformasie van die bronmateriaal is van uiterste belang. Leerders mag nietemin gepaste ontwerpe/beelde van tydskrifte, webwerwe, ens. gebruik en dit met ander ontwerpe/beelde kombineer om hulle eie interpretasie, of verbetering daarvan, te skep.

Keuses vir praktiese werk

Teken is 'n verpligte deel van alle praktiese keuses in Ontwerp.

'n Gespesialiseerde fokusveld vir graad 11 word voorgestel om te verseker dat progressie en ontwikkeling deur die verskillende grade gehandhaaf word.

Moontlike benaderings vir progressie in die prakties**GRAAD 10**

- Inleiding tot verskillende ontwerpvelde
- Inleiding tot basiese vaardighede, tegnieke, materiale en temas
- Stap-vir-stap projekte en proseswerk
- Die ondersoek van verskillende benaderings om die leerder se woordeskat uit te brei

GRAAD 11

- Progressiewe en toenemend komplekse praktiese take
- Meer gespesialiseerde projekte
- Meer individuele eksperimentering om individuele oplossings te akkommodeer
- Moet die leerder se vermoë weerspieël om werk van 'n beginpunt tot eindpunt vol te hou, en moet bewyse van hulle navorsingsvermoë en ontwikkeling van idees insluit.

GRAAD 12

- Oop opdragte, waar die leerders materiale, gereedskap, tegnieke en temas kan kies, asook prosesse wat ten opsigte van hulle individuele belangstellings gepas is.

Nota: Die praktiese assesseringstaak (PAT) vir 'n kwartaal hoef nie net een finale produk te wees nie, maar kan 'n reeks verwante werke wees.

Onderwerp 2: Die Produk

VOORBEELD VAN 'N KONTROLELYS EN ASSESSERINGSINSTRUMENT

KRITERIA/VEREISTES		
Kreatiwiteit/Oorspronklikheid/Interpretasie in terme van die konsep en oplossings relevant tot die opdrag	√	10
Bewyse van ontwerpbetrokkenheid: die gepaste gebruik van ontwerpelemente en -beginsels	√	10
Tegniek/Vakmanskap/Metode	√	10
Voltooing van werk/tydsbestuur/bewyse en volle gebruik van beskikbare tyd	√	10
Professionele aanbieding en funksionaliteit van die ontwerpopslossing	√	10
TOTAAL		50
GEKOMBINEERDE TOTAAL: Afdeling A en B		100

Formele assessering sal deur middel van die PAT (praktiese assesseringstake), teoretiese en eksamens plaasvind.

Jy moet die leerders van 'n **geskrewe opdrag** aan die begin van elke PAT (twee- of drie-dimensionele praktiese assesseringsopdrag) voorsien.

Dit is belangrik om dit te doen want dit sal

- die leerder oriënteer om die hoofdoele en konsepte van die PAT te verstaan
- duidelike werkglyne verskaf
- verwagtings, minimum vereistes en sperdatums, met betrekking tot die eindproduk, stel
- help om die kriteria vir assessering te bepaal

Die **geskrewe opdrag** sal die leerder inlig oor

- besonderhede oor die projek met betrekking tot die **omvang en fokus**: sleutel-doelstellings, konsepte en vaardighede
- bronne, hulpbronne en benaderings wat vir die **ontwerpproses** nodig is
- verwagtinge wat met die **diepte en breedte van die navorsing** verband hou, byvoorbeeld, die tipe navorsing en die minimum hoeveelheid bladsye in die werkboek
- besonderhede van die **eindproduk** en sy doel
- voorgestelde benaderings en metodes van die **ontwerpproduksie**
- enige **bepenkings** in verhouding tot materiale, tegnieke, grootte en funksie
- mini-sperdatums of kontrolepunte gedurende die proses; en finale voorleggings-**sperdatums**
- **assesseringsriglyne**: prosedures en kriteria.

Lys van formele assessoringsake:

Graad 10 en 11

Kwartaal	Formele assessoringsake	Aktiwiteite
1	1 (prakties) 2 (teorie)	Praktiese Assessoringsake (PAT) 1 Teorietoets
2	3 (prakties) 4 (teorie)	Praktiese Assessoringsake (PAT) 2 Junie Teorie-eksamen
3	5 (prakties) 6 (teorie)	Praktiese Assessoringsake (PAT) 3 Teorietoets
4	7 (prakties + teorie)	Finale Eksamen (intern) Vraestel 1: Teorie Vraestel 2: Prakties Retrospektiewe Uitstalling

Graad 12

Kwartaal	Formele assesseringstake	Aktiwiteite
1	1 (prakties) 2 (teorie)	Praktiese Assesseringstaak (PAT) 1 Teorietoets
2	3 (prakties) 4 (teorie)	Praktiese Assesseringstaak (PAT) 2 Junie Teorie-eksamen
3	5 (prakties) 6 (teorie)	Vorbereidingseksamen: Prakties (begin van derde kwartaal) Teorietoets
4	7 (prakties + teorie)	Finale Eksamen (ekstern) Vraestel 1: Teorie Vraestel 2: Prakties Retrospektiewe Uitstalling vir moderering Graad 11: EEN beste werk Graad 12: PAT'e 1 en 2, Vorbereidingswerk, navorsing (vepligtend) + finale praktiese eksamen

BELANGRIK: Die orde van die onderrighoud per graad is AANPASBAAR om verskillende onderrig- en leerbenaderings, asook 'n geïntegreerde benadering toe te laat.

2.7 Vordering

Drie sleutelonderwerpe, met 'n toenemende moeilikheidsgraad elke kwartaal in elke graad, is herhaal. Die rede hiervoor is dat die onderrig van praktiese ontwerpvaardighede siklies eerder as liniêr is, bedoelende dat leerders aan dieselfde inhoud en konsepte blootgestel moet word, en dieselfde vaardighede herhaaldelik oefen om hulle vakkennis en vaardighede te ontwikkel. Dit vereis gereelde oefening oor tyd om 'n dieper begrip en vaardigheid in ontwerp te ontwikkel.

Leerders moet egter 'n voortbovende leerervaring hê. Die fase moet binne 'n leertrajek (reis met 'n duidelike roete) beplan word, waarin die inhoud sorgvuldig gerangskik en gespasiëer (genoeg tyd gegee vir ware begrip) word.

Onderwysers moet seker maak dat elke kwartaal se take meer kompleksiteit en vaardighede vereis, en dat die leerders uitgedaag word om buite hulle gemaksones te werk. Gedurende beplanning sal dit nodig wees om die onderwerpe van die vorige kwartale as insiprasie te gebruik en om fases te konsolideer wat alreeds voorheen geleer is, om sodoende deurlopende vordering te verseker.

Die aard van vordering in Ontwerp word gevind in

- toenemende ontwikkeling en verkenning van tradisionele tekenvaardighede in samewerking met die ontwerpproses
- werwing van nuwe konsepte en vaardighede
- toenemende begrip van ontwerpwoordeskat en terminologie

- toenemende vermoë om goed te luister, op instruksies te reageer en saam met ander te werk
- toenemende bewustheid van navorsing, eksperimentering en reflektiewe praktyk
- toenemende bewustheid van detail en vlakke van kwaliteit
- toenemende ontwerpgeletterdheid en die vermoë om die ingewikkeldheid van ontwerpe te herken en te interpreteer
- toenemende bewustheid en begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede teenoor sosiale kwessies, omgewingskwessies en volhoubare ontwerp
- toenemende bewustheid en begrip van bemarking, markte en tendense
- toenemende selfvertroue, selfdisipline, fokus en kreatiwiteit
- om van die afhanklikheid van die onderwyser na die onafhanlikheid van gedagte en uitvoering te beweeg
- ontwikkeling van vaardighede in die begrip van materiale en twee- en driedimensionele konstruksie
- toenemende bewustheid van die waarde wat ontwerp op die lewe kan hê

AFDELING 3

KWARTAALPLANNE

ONTWERP	GRAAD 10	KWARTAAL 1
<p>Onderwerp 1</p> <p>Ontwerpproses en faktore wat die proses beïnvloed</p> <p>Ontwerp in 'n besigheidskonteks (navorsing)</p>	<p>Voorgestelde kontaktyd</p> <p>Drie (3) uur per week vir die eerste vyf weke</p>	<p>Hulpbronne</p> <p>Werkboek</p> <p>Verbruiksartikels ('n verskeidenheid van tekenmateriale)</p>
<p><u>Inhoud/konsepte/vaardighede</u></p> <p>Proses: PAT 1 (Opdrag 1) [40]</p> <p>Basiese kennis en toepassing van die ontwerpproses</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vanaf 'n opdrag werk. • Die inhoud ondersoek. • Idees ontwikkel en verskillende benaderings en metodes ondersoek. • Die gebruik van tekenmateriaal ondersoek. • Voorbeelde, prototipes of makette produseer.. • Die idees wat ontwikkel is evalueer, en die beste oplossing kies. <p>Beïnvloedingsfaktore</p> <ul style="list-style-type: none"> • Basiese kennis en 'n bewustheid van estetika en funksionaliteit. • 'n Bewustheid van verantwoordelike ontwerppraktyk. • Basiese tekenvaardighede (waarnemend: kontoer en lyn om fatsoen en vorm te skep). <p>Ontwerp in 'n besigheidskonteks (Navorsingmodule 1) [10]</p> <ul style="list-style-type: none"> • Fokus vir module 1: tendense + EEN plaaslike gevallestudie. • Navorsingsvaardighede: waarneming, onderhoude en data-analise. • Navorsingsuitleg: inleiding; inhoud; gevolgtrekking en bibliografie. 		
<p>Onderwerp 2</p> <p>Ontwerpproduksie, tydsbestuur en veilige praktyk</p>	<p>Voorgestelde kontaktyd</p> <p>Drie (3) uur per week vir die eerste vyf weke</p>	<p>Hulpbronne</p> <p>Verbruiksartikels na aanleiding van geselekteerde praktiese dissipline</p>
<p><u>Inhoud/konsepte/vaardighede</u></p> <p>Ontwerpproduksie – maak en voorlegging van die produk: PRAKTIESE PROEFEKSAMEN (taak 5) aan die begin van die kwartaal [50]</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bewyse en toepassing van die ontwerpproses (Die finale produk/oplossing moet duidelike bewyse van die ontwerpproses en toepaslikheid tot die opdrag/probleem toon.). • Vaardigheid in materiale en tegnieke demonstreer wat gekies is om die ontwerp oplossing te skep. • Voorlegging en effektiewe kommunikasie van 'n ontwerp oplossing. • Die keuse van ontwerpelemente, beginsels en materiale van die finale produk, diens of omgewing interpreteer, gebruik en verduidelik. <p>Tydsbestuur</p> <ul style="list-style-type: none"> • Selfdissipline. • Beplanning, organisasie en bestuur van eie werk. • By die tydskeule hou. <p>Veilige praktyk</p> <ul style="list-style-type: none"> • Veilige werkpraktyk ten alle tye met die gebruik van materiale of toerusting. • 'n Basiese begrip van die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat met die gebruik van materiaal verband hou. 		

Onderwerp 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
<p>Ontwerpteorie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • ontwerpgeletterdheid • ontwerpgeskiedenis • ontwerp in 'n sosiokulturele/ omgewings- en volhoubare konteks 	<p>Een (1) uur per week + huiswerktyd.</p> <p>Die volgorde van die verskillende komponente kan verander word</p>	<p>TV en DVD-speler/rekenaar en data-/ oorhoofse projektor en transparante</p> <p>Handboeke van die nasionale goedgekeurde lys en naslaanboeke</p>
<p><u>Inhoud/konsepte/vaardighede</u></p> <p>Ontwerpgeskiedenis</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kort oorsig van argitektuur deur, byvoorbeeld, 'n vergelyking te tref tussen die klassieke amfiteater en die hedendaagse sokkerstadion, of die klassieke forum en die hedendaagse winkelsentrum, na aanleiding van die omgewing, eienskappe, funksie, noodsaaklikhede en gebruike, asook materiale wat gebruik is. <p>Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede in verband met omgewingskwessies en volhoubare ontwerp: <p>Kies DRIE bekroonde internasionale ontwerpers: Ron Arad, Thomas Heatherwick, en Tokujin Yoshioka, onder andere.</p> <p>PROEFEKSAMEN (taak 6) : Teorie-eksamen [100]</p>		

ONTWERP	GRAAD 12	KWARTAAL 4
Onderwerp 1 Ontwerpproses en faktore wat die proses beïnvloed Ontwerp in 'n besigheidskonteks (navorsing)	Voorgestelde kontaktyd Voltooi in derde kwartaal	Hulpbronne Werkboek
<u>Inhoud/konsepte/vaardighede</u> Proses: Afsluiting van finale praktiese eksamenproses (ekstern) [50] Ontwerp in 'n besigheidskonteks (navorsingsmodules) [20] <ul style="list-style-type: none"> Berei Navorsingsmodules 1 en 2 vir uitstalling en finale moderering voor 		
Onderwerp 2 Ontwerpproduksie, tydsbestuur en veilige praktyk	Voorgestelde kontaktyd Drie (3) uur per week	Hulpbronne Verbruiksartikels gekies vir praktiese dissipline
<u>Inhoud/konsepte/vaardighede</u> Ontwerpproduksie – die maak en voorlegging van die produk: Finale praktiese eksamen (ekstern) [50] <ul style="list-style-type: none"> Bewyse en toepassing van die ontwerpproses (Die finale produk/oplossing moet duidelike bewyse van die ontwerpproses en toepaslikheid tot die opdrag/probleem toon.). Vaardigheid in materiale en tegnieke demonstreer wat gekies was om die ontwerpoplossing te skep. Aanbieding en effektiewe kommunikasie van 'n ontwerpoplossing. Die keuse van ontwerpelemente, beginsels en materiale van die finale produk, diens of omgewing interpreteer, gebruik en verduidelik. Tydsbestuur <ul style="list-style-type: none"> Selfdissipline. Beplanning, organisasie en bestuur van eie werk. By die tydschedule hou. Veilige praktyk <ul style="list-style-type: none"> Veilige werkpraktyk ten alle tye met die gebruik van materiale of toerusting. 'n Basiese begrip van die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat met die gebruik van materiaal verband hou. 		

Onderwerp 3	Voorgestelde kontaktyd	Hulpbronne
<p>Ontwerpteorie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • ontwerpgeletterdheid • ontwerpgeskiedenis • ontwerp in 'n sosiokulturele/ omgewings- en volhoubare konteks 	<p>Een (1) uur per week + huiswerktyd.</p> <p>Die volgorde van die verskillende komponente kan verander word</p>	<p>TV en DVD-speler/rekenaar en data-/ oorhoofse projektor en transparante</p> <p>Handboeke van die nasionale goedgekeurde lys, naslaanboeke en vorige vraestelle</p>
<p><u>Inhoud/konsepte/vaardighede</u></p> <p>Ontwerpgeskiedenis</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hersiening van ontwerp bewegings wat vanaf graad 10 tot 12 bestudeer was. <p>Ontwerpgeletterdheid</p> <ul style="list-style-type: none"> • Begrip van ontwerpteorie en korrekte gebruik van ontwerpterminologie: herkenning van eienskappe van elke beweging in al 4 kategorieë van ontwerp. <p>Ontwerp in 'n sosiokulturele/omgewings- en volhoubare konteks</p> <p>Hersiening van gevallestudies voorheen bestudeer – plaaslik en internasionaal – met betrekking tot sosiale en omgewingskwessies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Begrip van maniere waar ontwerp gebruik kan word om sosiale-, kulturele-, omgewings- en etiese kwessies te ondersteun of uit te daag. • 'n Begrip en interpretasie van tekens en simbole, stereotipering, vooroordeel en partydigheid in ontwerp. • 'n Begrip van die ontwerpers se verantwoordelikheid met betrekking tot omgewingskwessies en volhoubare ontwerp. <p>Finale teorie-eksamen (ekstern) [100]</p> <p>Retrospektiewe uitstalling (hermerk van PAT'e 1-3) [80]</p>		

AFDELING 4

ASSESSERING

4.1 Inleiding

Assessering is 'n deurlopende beplande proses van identifisering, insameling en interpretasie van inligting oor die prestasie van leerders, waar verskillende vorms van assessering gebruik kan word. Dit behels vier stappe: ontwikkeling en insameling van bewyse van prestasie; die bewyse evalueer; aantekening van die bevindinge; en die gebruik van hierdie inligting om die leerder se ontwikkeling te verstaan en te help, met die doel om die proses van onderrig te verbeter.

Assessering behels aktiwiteite wat gedurende die jaar onderneem is. In graad 10 tot 12 bestaan assessering uit twee verskillende, maar verwante, aktiwiteite: informele daaglikse assessering (assessering **vir** die leerproses) en formele assessering (assessering **van** die leerproses).

4.2 Informele daaglikse assessering

Assessering vir die leerproses behels die doel om aaneenlopende inligting van die leerders se prestasie te versamel, wat gebruik kan word om hulle leerproses te verbeter.

Informele assessering, wat die daaglikse kontrolering van die leerder se vordering is, kan gedoen word deur vrae en antwoorde, kort geskrewe aktiwiteite wat gedurende die les voltooi word, oop-boektoetse, huiswerk oefeninge, gevallestudies, ens. Dit moet nie as apart van die leeraktiwiteite wat in die klaskamer plaasvind, beskou word nie. Leerders of onderwysers kan hierdie assesseringstake merk. Self-assessering en portuurassessering betrek leerders aktief by assessering. Dit is belangrik want dit laat die leerders toe om van hulle eie werkverrigting te leer en daaroor te reflekteer.

Die resultate van die informele assesseringstake word nie formeel opgeteken nie, tensy die onderwyser besluit om dit te doen. In so 'n geval kan 'n eenvoudige aftiklys gebruik word om hierdie assessering op te teken. Nietemin, onderwysers kan die leerders se werkverrigting vanaf hierdie assesseringstake gebruik om verbale of geskrewe terugvoering aan leerders, die skoolbestuurspan en ouers weer te gee. Hierdie is spesifiek belangrik indien leerstoornisse of swak vlakke van samewerking teëgekomp word. Die resultate van informele assesseringstake word nie vir bevordering- en sertifiseringdoeleindes in ag geneem nie.

4.3 Formele assessering

4.3.1 Formele assesseringsvereistes

Alle assesseringstake wat deel uitmaak van 'n formele Assesseringsprogram vir die jaar, word as formele assessering beskou. Die onderwyser merk en teken formeel alle formele assesseringstake vir bevordering en sertifikasie op. Alle formele assesseringstake is aan moderering onderworpe vir die doel om gehalteversekering te bewerkstellig en te verseker dat toepaslike standaarde gehandhaaf word.


Formele assessering voorsien onderwysers van 'n sistematiese manier van hoe goed die leerders in 'n graad en in 'n spesifieke vak vorder. Voorbeelde van formele assessering sluit in: projekte, mondelinge, toetse, eksamen, praktiese take, ens. Formele assessering vorm deel uit van 'n jarelange formele Assesseringsprogram vir elke graad en vak.

Die vorms van assessering moet toepaslik volgens die ouderdom en die ontwikkelingsvlak van die leerders in die graad gebruik word. Die assesseringstake moet sorgvuldig ontwerp word om die inhoud van die vak te dek. Doelwitte, onderwerpe en inhoud van die vak moet as basis vir die beplanning en ontwikkeling van die assesseringstake gebruik word.

Die formele assesseringsvereistes vir Ontwerp is soos volg:

- Drie formele praktiese assesseringstake moet gedurende die skooljaar voltooi word. Hierdie drie formele praktiese assesseringstake en drie teoretiese/eksamens maak deel uit van 25% van die totale punt vir Ontwerp in graad 10, 11 en 12.
- Die einde-van-die-jaar-assesseringskomponent sluit drie dele in: 'n praktiese assesseringstaak (PAT), 'n geskrewe teorievraestel en 'n retrospektiewe uitstalling van die jaar se werk. Saam maak hierdie drie dele die oorblywende 75% van alle grade op.
- In **graad 10 en 11** is alle assessering intern.
- In **graad 12** is die formele assessering (25%) intern opgestel en gemerk, maar ekstern gemodereer. Die einde-van-die-jaar-assessering (75%) is ekstern opgestel, gemerk en gemodereer.

Tabel 1a: Formele assessering, Graad 10 en 11			
Formele assesserings (25%)	Interne einde-van-die-jaar-eksamen (75%)		
SGA – gedurende die jaar	Retrospektiewe Uitstalling	Einde-van-die-jaar-eksamenvraestelle	
25%	25%	25%	25%
<ul style="list-style-type: none"> • 3 PAT'e: 100 x 3 • 2 teoretiese: 50 x 2 • 1 teorie-eksamen (middel van jaar) : 100 	<ul style="list-style-type: none"> • Uitstalling/aanbieding van jaar se werk (PAT'e 1-3) : 70 • 3 take (Ontwerp in 'n besigheidskonteks) : 30 	Geskrewe eksamen Ontwerp in Konteks Graad 10: 2 uur (100) Graad 11: 2½ uur (100)	Praktiese eksamen: 24 uur (beraming) : 100
Kwartaal 1: 1 praktiese assesseringstaak (50 proses + 50 produk) + 1 teoretiese (50)	Kwartaal 2: 1 praktiese assesseringstaak (50 proses + 50 produk) + 1 teorie-eksamen (100)	Kwartaal 3: 1 praktiese assesseringstaak (50 proses + 50 produk) + 1 teoretiese (50)	Kwartaal 4: 1 eksamen (2 vraestelle) : Vraestel 1 : Teorie (100) + Vraestel 2: Prakties (50 proses + 50 produk) – gedurende die 4de kwartaal gedoen
Bevorderingspunt: Tel rou punte en totale van assesseringstake van kwartaal 1 tot kwartaal 3 bymekaar en verwerk na 100 + retrospektiewe uitstalling en navorsing (100) + vraestel 1 (100) + vraestel 2 (100) = Totaal van 400			

Tabel 1b: Formele assessering, Graad 12			
Formele assesserings (25%)	Eksterne einde-van-die-jaar-eksamen (75%)		
SGA	Praktiese assesseringstaak	Eksterne eksamenvraestelle (55%)	
25%	25%	25%	25%
<ul style="list-style-type: none"> Twee PAT'e: 100 x 2 1 teoretiese toets: 50 2 teorie-eksamens (middel van jaar + proef): 100 x 2 1 praktiese proefeksamen: 100 	<ul style="list-style-type: none"> Uitstalling/aanbieding van jaar se werk (PAT'e 1-3) : 80 2 opdragte (Ontwerp in 'n besigheidskonteks) : 20 	Geskrewe eksamen: 3 uur Ontwerp in Konteks: 100	Praktiese eksamen: 24 uur (beraming) : 100
Kwartaal 1: Een praktiese assesseringstaak (50 proses + 50 produk) + Een teoretiese toets (50)	Kwartaal 2: Een praktiese assesseringstaak (50 proses + 50 produk) + Een teorie-eksamen (100)	Kwartaal 3: Proefeksamen: 2 vraestelle Een teorie (100) + Een praktiese (100) aan begin van kwartaal gedoen	Kwartaal 4: Een eksterne eksamen –twee vraestelle: Vraestel 1 teorie (100) + Vraestel 2 praktiese (100)
		 <p>Finale praktiese eksamen moet begin word sodra Vraestel 2 afgelewer is</p>	
Bevorderingspunt: Tel rou punte en totale van assesseringstake van kwartaal 1 tot kwartaal 3 bymekaar en verander na 100 + retrospektiewe uitstalling en navorsing (100) + vraestel 1 (100) + vraestel 2 (100) = Totaal van 400			

4.3.2 Tipes formele assessering vir Ontwerp

- Praktiese projekte

In alle grade moet elke leerder een praktiese assesseringstaak (PAT) per kwartaal in kwartaal 1, 2 en 3 doen.

Nota: Die praktiese assesseringstaak vir 'n kwartaal hoef nie net een finale werk te wees nie, maar kan 'n reeks verwante werke wees.

'n Projek moet van die leerder verwag om

- van die beplanning/voorbereiding/ondersoek/navorsing te doen om die geïdentifiseerde probleem/taak op te los;
- die taak /instruksies uit te voer (na aanleiding van die gegewe kriteria) ;
- 'n produk te produseer/maak; en
- toegelaat te word om innoverend en kreatief te wees.

Om die projek op te stel, moet die onderwyser

- die inhoud/vaardighede/kennis wat aangespreek word, in ag neem;
 - duidelike kriteria en goeie instruksies weergee om die leerder te lei, (die leerder moet presies weet wat om te doen en wat verwag word) ;
 - die omvang hanteerbaar hou
 - bepaal watter hulpbronne nodig sal wees om die projek te voltooi, en om te verseker dat die leerders toegang tot hierdie hulpbronne het;
 - die tydraamwerk/duur/sperdatum bepaal; en
 - die punteverspreiding bepaal en 'n assesseringsinstrument opstel.
- Navorsingstake (Ontwerp in 'n Besigheidskonteks)

Dit is belangrik om hierdie modules met die praktiese taak of opdrag te integreer.

Dit moet as deel van die proses (Onderwerp 1) gesien word en moet uit die volgende bestaan:

- 'n onderwerp-verwante en fatsoenlike voor- en agterblad;
 - 'n inhoudsopgawe;
 - 'n inleiding;
 - inhoud (4-8 bladsye) ;
 - 'n gevolgtrekking;
 - 'n gedetailleerde bibliografie (bv. Titel onderstreep; skrywer(s) tussen hakies; uitgewer; publikasiedatum; webwerf, 'blog' + datum, ens.) en
 - byskrifte om enige visuele materiaal te vergesel (Titel; materiale gebruik; naam van ontwerper; land tussen hakies; datum).
- Toetse
- 'n Toets vir formele assessering moet uit 'n maksimum van twee goed beplande toetse van gelyke gewigtoekenning bestaan, wat die vereiste inhoud van die kwartaal dek en moet 45 tot 60 minute duur. Die totaal moet na 50 verwerk word. In die geval van 'n reeks kleiner toetse, bv. 20 punte elk, moet die toetse as informele assessering beskou word.
 - Oop-boektoetse vereis van die leerders om inligting te vind. Leerders word op 'n begrip van die materiaal getoets en nie net om die feite oor te skryf nie. Oop-boektoetse moet nie net kortvrae insluit nie. Daar word van leerders verwag om langer, reflektiewe antwoorde te skryf, soos paragraaf-tipe antwoorde na aanleiding van 'n gegewe scenario. Paragrafe voorsien redes, en ondersteunende bewyse/argumente is essensieël.

Elke toets, oop-boektoets en eksamen moet 'n reeks van kognitiewe vlakke toelaat en moet ook paragraaf-tipe antwoorde insluit.

Kognitiewe-vlak	Persentasie
Laer orde: kennis	30
Middel orde: begrip en toepassing	40
Hoër orde: analise, evaluasie en sintese	30

- Eksamens

VRAESTEL 1: ONTWERPTEORIE – GRAAD 12

PUNTE: 100

TYD: DRIE UUR

RIGLYNE

Die Nasionale Onderwysdepartement stel die geskrewe eksamen op na aanleiding van die aangewese inhoud wat deur die jaar onderrig was.

Die **eksamenformaat** bestaan uit die volgende:

1. Daar is **SES** vrae in die vraestel wat beantwoord moet word.
2. Daar is keuses in sommige van die vrae in die vraestel. Die opsies moet sorgvuldig deurgelees word.
3. Die vraestel is opgedeel in DRIE afdelings:

Afdeling A: Ontwerpgeletterdheid [30punte]

- Vraag 1: Analise van ongesiene voorbeelde
- Vraag 2: Kommunikasie deur ontwerp
- Vraag 3: Vergelyking tussen plaaslike en internasionale ontwerp (ongesien)

Afdeling B: Ontwerpgeskiedenis [30 punte]

- Vraag 4: Ontwerpgeskiedenis

Afdeling C: Ontwerp in 'n Sosiokulturele/Omgewings- en Volhoubare konteks [40 punte]

- Vraag 5: Ontwerp en sosiokulturele kwessies
- Vraag 6: Ontwerp en omgewings-/volhoubare kwessies

Addisionele inligting vir die eksamen:

- Die eksamen word ekstern geassesseer en gemodereer
- Die eksamen word na aanleiding van 'n nasionale nasienmemorandum geassesseer.
- Leerders moet van problematiese terminologie, sosiale- en omgewingskwessies, aannames en vooroordeel in verhouding tot die ontwerpe/ontwerpers wat hulle bestudeer het, bewus gemaak word.

- Gereelde, volgehoue besoeke aan hedendaagse uitstallings en ontwerPAT'eljees word voorgestel en aanbeveel.
- Waar besoeke onmoontlik is (bv. skole in landelike gebiede, ens.) , moet koerantresensies, die internet, plaaslike omgewing, ens., gereeld geraadpleeg word.
- **NB:** Onderwysers moet hulle eie versameling projekopdragte, klasnotas, verwysingsboeke, katalogusse en tydskrifte, foto's, skyfies, videos, ens., gebruik om kosbare onderrigmateriaal vir die teorie-inhoud en praktiese vaardighede wat vereis word deur die nuwe Ontwerpkurrikulum, te verskaf.
- Die eksamenpaneel het kennis geneem van bogenoemde deur breë vrae op te stel waarin die leerders hulle kennis op 'n relevante manier kan weergee, hulle interpretasies en opinies regverdig, of probleme deur middel van toegepaste kennis en kenniskonstruksie op te los.

'n **Opsomming** oor watter voorbereiding leerders vir Vraestel 1 moet doen, word hieronder uitgeengesit.

Ongesiene toepassing van kennis

Grondige kennis en die vermoë om die elemente en beginsels (insluitende universele beginsels) van ontwerp, sowel as die stilistiese eienskappe van verskillende ontwerpbewegings, toe te pas.

Plaaslike ontwerp

1 hedendaagse ontwerper

1 ontwerper wat sosiokulturele kwessies in ontwerp in ag neem

1 ontwerper wat omgewings- en volhoubare kwessies in ontwerp in ag neem

Internasionale ontwerp

1 hedendaagse internasionale ontwerper

1 internasionale ontwerper wat sosiokulturele kwessies in ontwerp in ag neem

2 internasionale ontwerpers wat omgewings- en volhoubare kwessies in ontwerp in ag neem

7 ontwerpgeskiedenisbewegings:

- Bespreek TWEE bewegings/style vir die vraestel (ten minste 1 ontwerp en ontwerper van elke beweging/styl).
- Beantwoord 'n vergelykende vraag wat gebaseer is op TWEE bewegings wat nie in die opstel geassesseer was nie.

VRAESTEL 2: ONTWERP PRAKTIES – GRAAD 12

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Die eksamenvraestel bestaan uit

AFDELING A: (Onderwerp 1: 50 punte) en AFDELING B (Onderwerp 2: 50 punte).

Die finale ontwerp praktiese eksamen vir graad 12-leerders verteenwoordig die hoogtepunte van hulle kunsstudies gedurende die jaar.

AFDELING A: Eksamenbronboek/werkboek

(Dit mag tuis en by die skool gedurende kwartaal 3 voltooi word.)

- As onderwyser kan jy die leerders deur hulle keuses van vakmateriaal en tegnieke wat gebruik was in Afdeling A, lei.
- Die vraestelopdrag moet in die eksamenwerkboek/bronboek geplak word.
- Die leerder moet sy/haar voornemens/grondredes/konsepte in hierdie eksamen aandui. Dit kan gedoen word deur middel van 'n dinkskrum, duimnaelsketse, 'n geskrewe opstel, ens. **[minimum van 1 bladsy]**
- Enige vorm van direkte kopiëring/plagiaat, of werk wat nie die kandidaat se eie werk is nie, sal streng gepenaliseer word. Dit is die verantwoordelikheid van **die onderwyser** om te verseker dat dit nie gebeur nie.
- Leerders moet aangemoedig word om soveel verskillende interpretasies as moontlik te ondersoek. Monitor en lei die leerders in hulle navorsing van die tema met tekening van die regte lewe, oorspronklike foto's, beelde van tydskrifte en koerante, gevonde voorwerpe, ens. [minimum van 4 bladsye van bronmateriaal]
- Leerders moet aangemoedig word om hulle eie navorsingsfoto's waar moontlik/of relevant, te neem.
- Leerders se bronboek moet bewyse toon van voorbereidende sketse, geannoteerde tekening en navorsingsgebaseerde bronne. Dit is belangrik dat hulle hierdie bronne verpersoonlik deur dit te teken en oorspronklike ontwerpe te skep.
- Die leerder moet ten minste een tonale tekening, plakskildery (collage) , of maket/voorlopige model voltooi.
- Geskrewe/getikte verduidelikings, notas/foto's moet voorgelê word, of moet in die eksamenbronboek geplak word, wat 'n bewys van die leerder se proses en vordering is.
- **Aangesien Afdeling A (die proses) dieselfde gewig dra as Afdeling B, moet daar genoeg tyd t.o.v. van belangrikheid toegelaat word.**
- Gevolglik sal die leerders genoeg tyd hê om hulle voorbereiding te doen. Die onderwyser mag slegs by hierdie voorbereidingsessie betrokke wees. Na aanleiding van die voorbereidingsaard van Onderwerp 1, is leerders toegelaat om die werk by die huis te voltooi. (Ten minste 60% moet egter in die klas gedoen word.)

AFDELING B: Finale praktiese taak**(Beraamde tyd: 24 uur)**

Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die *Ontwerponderwyser* binne die bestek van die Kuns-/Ontwerpklaskamer gedoen word. **GEEN** eksamenwerk mag uit die klaskamer geneem word nie. Dit sal as 'n eksamen-onreëlmatigheid beskou word.

- Hierdie afdeling (onderwerp 2) mag **NIE** by die huis gedoen word nie. Werk mag **NIE** die eksamenlokaal verlaat nie.
- Afdeling B moet op 'n aaneenlopende basis gedurende kontaktyd gedoen word, byvoorbeeld, gedurende **vier** aaneenlopende dae of ses ure elk. Jou keuse van eksamentydopsies moet deur jou skool onderhandel word.
- Daar word van leerders vereis om **EEN** ontwerp in die **ONTWERPDISSIPLINE waaraan hulle tot en met hierdie jaar blootgestel was**, te doen.
- Hulle finale ontwerp mag as 'n enkel stuk, of moontlik in die vorm van 'n reeks werke wat as een werk beskou word, aangebied word.
- Leerders se werk is nie tot grootte en hoeveelheid beperk nie, maar dit moet 'n aansienlike stuk werk wees, wat ten minste 12 uur en nie meer as 24 uur verteenwoordig nie. Hou asseblief by die puntetoekenning wanneer jy nasien.
- Leerders moet 'n gevorderde graad van tegniese vaardighede in die gebruik van 'n reeks materiale en tegnieke demonstreer.
- Moet nie die eksamen van Afdeling A en Afdeling B met die PAT'e (werk wat gedurende die jaar gedoen is) verwar of meng nie.

4.4 Assesseringkriteria vir praktiese werk (FET)

Uitstaande	90 – 100	Buitengewone vermoë; rykheid; insiggewend, vlot, hoë vaardigheid; waarneming en kennis sterk uitgedruk; ondersteun deur 'n <u>oorspronklike</u> of <u>ongewone</u> keuse van relevante visuele verwysings Uitstaande en oorspronklike aanbieding
Uitstekend	80 – 89	Treffende impak; meeste van bogenoemde; gedetailleerd; goed georganiseerd en samehangend, afgerond; vaardigheid duidelik; ondersteun deur oorspronklike/ongewone/ relevante visuele verwysings; aanbieding oorspronklik 'n Paar geringe foute duidelik
Baie goed	70 – 79	Goed georganiseerd, soos hierbo, maar ontbreek aan 'sprankel'; goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud; ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele verwysings; duidelike sorg en moeite met oorspronklike aanbieding gedoen 'n Paar voor die hand liggende teenstrydighede/tekortkominge duidelik
Goed	60 – 69	Interessante visuele aanbieding, maar neig met tye na 'n alledaagse en stereotipiese reaksie; voldoende keuse van relevante visuele verwysings; redelike moeite met aanbieding gedoen Steurende/voor die hand liggende teenstrydighede
Gemiddeld	50 – 59	Voldoende; voel meganies; afgelei of gekopieër; min insig; verbeeldingloos; 'n paar visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie; billike aanbieding Baie steurende teenstrydighede
Onder gemiddeld	40 – 49	Genoeg materiaal/werk om te slaag; nie logies saamgevat nie; 'n paar flitse van insig; beperkte keuses van inligting; swak tegniese vaardighede kan hiertoe bydra; min gebruik van visuele inligting; lomp of nalatige aanbieding Benodig ondersteuning/motivering om te slaag
Swak	30 – 39	Visueel oninteressant; onkreatief; beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik; min poging aangewend om inligting op 'n aanvaarbare wyse aan te bied; min of geen visuele inligting/ verwysings; algemene gebrek aan toewyding Benodig ondersteuning/motivering om te slaag
Baie swak/ Druip	20 – 29	Baie min inligting; onsamehangend; nie maklik om na te kyk nie; weinige of irrelevante werk/ visuele inligting ; geen moeite gedoen om werk op 'n aanvaarbare manier aan te bied nie; algemene gebrek aan toewyding/samewerking Onaanvaarbaar
Druip	00 – 19	Onsamehangend; irrelevant, baie min of geen werk ; gebrek aan vaardighede; geen toewyding/samewerking

4.5 Aantekening en verslagdoening

Aantekening is die proses waardeur die onderwyser die vlak van 'n leerder se werkverrigting van 'n spesifieke assesseringstaak dokumenteer. Dit dui die leerder se vordering van die bereiking van kennis aan soos voorgeskryf in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings. Rekords van die leerder se werkverrigting moet bewyse toon van die leerder se konsepsuele vordering binne 'n graad en sy/haar gereedheid om tot die volgende graad bevorder te word. Rekords van die leerder se werkverrigting moet ook gebruik word om die vordering wat deur onderwysers en leerders in die onderrig- en leerproses gemaak is, te bevestig.

Verslagdoening is die proses waarmee die leerder se werkverrigting aan die leerders, ouers, skole en ander belanghebbendes gekommunikeer word.

'n Leerder se werkverrigting kan op verskillende manier oorgedra word. Dit sluit rapporte, ouervergaderings, skoolbesoekdae, ouer-onderwyserkonferensies, telefoonoproepe, briewe, klas- of skoolnuusbriewe, ens. in. Onderwysers van alle grade moet formele rapporte kwartaalliks uitdeel. Hierdie rapporte doen verslag in die vorm van persentasies teenoor die vak.

Die volgende graderingskaal is van toepassing op kwartaalrapporte:

KODES EN PERSENTASIES VIR OPNAME EN VERSLAG

Prestasievlak	Prestasiebeskrywings	Punte %
7	Uitmuntende prestasie	80-100
6	Verdienselike prestasie	70-79
5	Beduidende prestasie	60-69
4	Voldoende prestasie	50-59
3	Matige prestasie	40-49
2	Basiese prestasie	30-39
1	Ontoereikende prestasie	0-29

4.6 Moderering van assessering

4.6.1 Formele Assessering (SGA)

- Graad 10- en 11-take word intern gemodereer. Die vakadviseur moet 'n voorbeeld van hierdie take gedurende skoolbesoeke modereer om die standaard van die interne moderering te kontroleer.
- Graad 12-take moet persoonlik deur 'n provinsiale vakadviseur of 'n aangestelde spesialis gemodereer word. Die provinsiale onderwysdepartement bestuur hierdie proses.

4.6.2 Praktiese assesseringstaak (PAT)

- Provinsiale amptenare sal voorbeelde van graad 10- en 11-PAT'e in die derde of vierde kwartaal modereer. Alle dokumentasie moet vir die amptelike besoek beskikbaar wees. Die amptenaar sal voorbeelde kies.
- Die onderwyser en twee portuuronderwysers sal die graad 12-PAT'e merk voordat dit persoonlik deur 'n provinsiale amptenaar gemodereer word.

4.6.3 Finale praktiese eksterne eksamen

- Die onderwyser en twee portuuronderwysers sal die graad 12 finale praktiese eksamen op dieselfde tyd as die PAT'e merk voordat die vraestelle persoonlik deur 'n provinsiale amptenaar gemodereer word.

4.7 Algemeen

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende saamgelees word:

4.7.1 Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

4.7.2 Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*

ADDENDUM A: ONTWERPKATEGORIEË**Visuele Kommunikasie/Inligtingsontwerp en Digitale ontwerp** (ingesluit maar is nie beperk nie)

- Illustrasieontwerp
- Kommunikasie-/inligtingsontwerp
- Grafiese advertensieontwerp
- Animasie
- Digitale ontwerp
- Film en video

Oppervlakontwerp en Tweedimensionele Handwerkontwerp (ingesluit maar is nie beperk nie)

- Appliekwerk
- Kralewerk
- Tapyt-/veselontwerp
- Borduurwerk
- Mosaïek
- Muurskilderyontwerp
- Loodglas/gebrandskilderde glas
- Tapisserie
- Tekstielontwerp
- Muurpapier-/geskenkpapierontwerp
- Weef
- Mode

Produkontwerp en Driedimensionele Handwerkontwerp: funksioneel of dekoratief (ingesluit maar is nie beperk nie)

- Mandjiewerk
- Kralewerk
- Kerfwerk/Houtsneewerk
- Keramiekontwerp
- Gekonstrueerde tekstiele
- Mode- en/of kostuumontwerp
- Meubelontwerp
- Industriële ontwerp
- Juweliersontwerp
- Papierwerk
- Poppekasontwerp
- Tafelware
- Weef
- Draadwerk

Omgewingsontwerp (ingesluit maar is nie beperk nie)

- Argitektoniese ontwerp
- Vertoon- en uitstillingsontwerp
- Gebeurtenisontwerp
- Binneversieringsontwerp
- Teater- en stelontwerp

ADDENDUM B: OPSOMMING VAN TEORIE-INHOUD (Onderwerp 3)

KWARTAAL	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
<p>1</p>	<p>KWARTAAL 1</p> <p>ONTWERPGELETERDHEID</p> <ul style="list-style-type: none"> Definisie van ontwerp Kort inleiding tot hoofkategorieë van ontwerp: Visuele Kommunikasie/ Inligting en Digitale Ontwerp; Oppervlakontwerp en twee-dimensionele handwerkontwerp; <p>Produkontwerp en drie-dimensionele handwerkontwerp; Omgewingsontwerp (sien Addendum A)</p> <ul style="list-style-type: none"> Die ontwerpproses: <p>Identifiseer 'n behoefte, geleentheid of probleem/Ontvang 'n opdrag</p> <ul style="list-style-type: none"> Ondersoek die inhoud Versamel, analiseer, organiseer, interpreteer relevante inligting Ondersoek verskillende benaderings en 'n verskeidenheid van metodes Ondersoek gepaste materiale en produksietegnieke Produseer voorbeelde of prototipes Evalueer en stel verbeterings voor Selekteer beste oplossing/idee Beplan produksieproses Produseer Reflekteer (skakel in met praktiese assesseringstaak) Inleiding tot elemente van ontwerp, bv. lyn, fatsoen en vorm, teksture, tonale waardes, kleur Inleiding tot beginsels van ontwerp, bv. balans, kontras, eenheid/harmonie, ritme/ beweging, proporsie/skaal, fokus/klem/dominansie, en komposisie/uitleg Kort inleiding oor geskiedenis van verskillende tekenmedia en verwante tegnieke (word by praktiese taak integreer) 	<p>KWARTAAL 1</p> <p>ONTWERPGELETERDHEID</p> <p>Ontwerpterminologie (Hersiening van graad 10-terminologie: elemente en beginsels van ontwerp)</p> <ul style="list-style-type: none"> Inleiding tot VYF universele beginsels van ontwerp, byvoorbeeld, verbetering van bruikbaarheid, toename van trefkrag, maak van beter ontwerpsbesluite, ens. (gekoppel aan praktiese taak) Hersiening van graad 10-inleiding tot visuele kommunikasie: simboliese taal Geskiedenis van tipografie: die struktuur van lettertipe, kies van 'n font, stiling van teks, hoofkategorieë in lettertipe-ontwerp, en 'n kort geskiedenis oor font <p>ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS</p> <p>Tekens en simbole, stereotipering, vooroordeel en partydigheid in ontwerp: skakel met visuele kommunikasie met die fokus op illustrasies, spotprente, plakkate (Weimar, Duitsland) , politiese propaganda, kommunisme en revolusie (Kuba, Rusland, China) en weerstand in SA</p>	<p>KWARTAAL 1</p> <p>ONTWERPGESKIEDENIS</p> <p>(Kies EEN van elkeen van die Ontwerpkategorieë om op te fokus)</p> <p>Hersiening van ontwerp bewegings hanteer in graad 10 en 11</p> <ul style="list-style-type: none"> Pop/New age 1955–1975 Post-modernisme, 1965–hede (bv. <p>Dekonstruksie, the Virtuele Era/ sosiale media)</p> <p>ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS</p> <ul style="list-style-type: none"> Verwys na bogenoemde 2 bewegings en bespreek EEN hedendaagse internasionale ontwerper

KWARTAAL	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
2	<p>KWARTAAL 2</p> <p>ONTWERPGELETERDHEID</p> <p>Inleiding tot visuele kommunikasie as 'n basiese menslike noodsaaklikheid: simboliese taal</p> <p>Hoofkategorieë van ontwerp (sien Addendum A)</p> <p>Inleiding tot Visuele kommunikasie/Inligting en Digitale ontwerp (bv. tekens, simbole, tipografie, lettername (logos), advertering en handelsmerke</p> <p>Bestudeer EEN hedendaagse Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep betrokke by sosiale-en/of omgewingskwessies (bewustelik of onbewustelik)</p> <p>Inleiding tot Oppervlakontwerp en Tweedimensionele Handwerkontwerp</p> <p>Bestudeer EEN hedendaagse Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep betrokke by sosiale-en/of omgewingskwessies (bewustelik of onbewustelik)</p> <p>Inleiding tot Produkontwerp en Driedimensionele Handwerkontwerp:</p> <p>Bestudeer EEN hedendaagse Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep betrokke by sosiale-en/of omgewingskwessies (bewustelik of onbewustelik)</p> <p>Inleiding tot Omgewingsontwerp:</p> <p>Bestudeer EEN hedendaagse Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpgroep betrokke by sosiale-en/of omgewingskwessies (bewustelik of onbewustelik)</p>	<p>KWARTAAL 2</p> <p>ONTWERPGESKIEDENIS</p> <p>(Kies EEN van elkeen van die ontwerpkatogorieë om op te fokus:</p> <ul style="list-style-type: none"> Hersiening van die Industriële Revolusie en die Kuns-en-Kunsvlytbeweging Art Nouveau, 1880-1905 Die Bauhaus, 1900-1930 Art Deco, 1925-1939 <p>ONTWERPGELETERDHEID</p> <ul style="list-style-type: none"> Visuele analise (voorbeelde van ontwerp wat nog nie in klas geanaliseer was nie) : om met vertroude basiese terminologie wat ontwerp en eienskappe van elke beweging omskryf en ondersteun, te gebruik. 	<p>KWARTAAL 2</p> <p>ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS</p> <p>Bestudeer DRIE twee- en driedimensionele Suid-Afrikaanse en Afrika handwerkontwerpe, verlede en hede (kan handwerksentrums en gemeenskapsprojekte insluit)</p> <p>'n Begrip van die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale-, kulturele-, omgewings- en etiesekwessies te versterk en uit te daag, deur die suksesvolle gebruik van, bv. tekens en simbole, stereotipering, vooroordeel en partydigheid in ontwerp</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n Begrip van die ontwerper se verantwoordelikheid met betrekking tot omgewingskwessies en volhoubare ontwerp

KWARTAAL	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
<p>3</p>	<p>KWARTAAL 3</p> <p>ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS</p> <p>(Dek AL 4 ontwerpkategorieë van elke geskiedkundige periode.)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontwerp wat gebruik was om die gemeenskap en/of die omgewing te bevoordeel: inleiding tot klassieke ontwerp (kies ontwerpe van die antieke Griekse, Romeinse, Gotiese, Renaissance en Barok periodes, bv. die volgende: • Visueel: Kommunikasie/ Informasie: statussimbole in vlae, embleme en heraldiek, visuele storievertelling vir die identifikasie van handel, simbole in argitektuur, ens.; Oppervlakte: tapisserieë, mosaïeke, fresko;s, oppervlakversierings, ens. • Produk: pottebakkerij/ houers, kostuum/kleredrag, juweliersware, meubels, ens.; Omgewing: argitektuur, monumente, ens. 	<p>KWARTAAL 3</p> <p>ONTWERPGESKIEDENIS</p> <p>(Kies EEN van elk van die Ontwerpkategorieë om op te fokus)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skandinawiese ontwerp • De Stijl • Die Modernistiese Era, 1935-1955 <p>ONTWERPGELETTERDHEID</p> <ul style="list-style-type: none"> • Visuele analise (ongesiene voorbeelde van ontwerp) : om met vertrouwe basiese terminologie wat ontwerp en eienskappe van elke beweging beskryf en ondersteun, te gebruik 	<p>KWARTAAL 3</p> <p>ONTWERPGESKIEDENIS</p> <p>Kort oorsig van argitektuur deur, bv. 'n vergelyking tussen die klassieke amphiteater en die hedendaagse sokkerstadion of die klassieke forum en die hedendaagse winkelsentrum, ens., te tref, n.a.v. die omgewing, eienskappe, funksie, noodsaaklikhede en gebruike en materiale gebruik, ens.</p> <p>ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS</p> <p>'n Begrip van die ontwerper se verantwoordelikhede met betrekking tot omgewingskwessies en volhoubare ontwerp: Kies DRIE bekroonde internasionale ontwerpers vanuit Ron Arad, Thomas Heatherwick, Tokujin Yoshioka, onder andere</p>

KWARTAAL	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
4	<p>KWARTAAL 4</p> <p>ONTWERPGESKIEDENIS</p> <ul style="list-style-type: none"> Inleiding tot die Industriële Revolusie Inleiding tot die Kuns-en-Kunsvlytbeweging (plus ten minste EEN gevallestudie) : <p>1850 – 1900</p> <p>ONTWERPGELETTEDHEID</p> <ul style="list-style-type: none"> Visuele analise (voorbeelde van ontwerp wat nog nie vantevore in die klas geanaliseer is nie) : om met vertroude basiese terminologie (ontwerp elemente en beginsels) wat ontwerp en eienskappe van elke beweging beskryf en ondersteun, te gebruik. 	<p>KWARTAAL 4</p> <p>ONTWERPGELETTEDHEID</p> <ul style="list-style-type: none"> Navorsing van populêre kultuur binne elkeen van die bostaande bewegings (van Art Nouveau tot die Modernistiese Era) , bv. modes, musiek en sosiale omgewings deur visuele analise (ongesiene voorbeelde van ontwerp) : om met vertroude basiese terminologie wat ontwerp en eienskappe van elke beweging beskryf en ondersteun, te gebruik <p>ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS</p> <ul style="list-style-type: none"> Reflekteer krities oor hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing vorm en demonstreer maniere waarop ontwerp gebruik kan word om die gemeenskap te bevoordeel: <p>Kies VIER hedendaagse internasionale ontwerpers van Julie Bargmann, Roy McMakin, Bruce Licher, Cannondale Corporation, Adriana Bertini, Jonathan Bambrook, Lucy Orta, Walter Wood en Victor Papanek, onder andere.</p>	<p>KWARTAAL 4</p> <p>ONTWERPGESKIEDENIS</p> <ul style="list-style-type: none"> Hersiening van ontwerp bewegings gedoen in graad 10 tot 12 <p>ONTWERPGELETTEDHEID</p> <ul style="list-style-type: none"> Begrip van ontwerp teorie en die korrekte gebruik van ontwerp terminologie: erkenning van eienskappe van elke beweging in al 4 kategorieë van ontwerp <p>ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS</p> <p>Hersiening van gevallestudies, plaaslik en internasionaal, betrokke by sosiale- en omgewingskwessies.</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n Begrip van die maniere waarop ontwerp gebruik kan word om sosiale-, kulturele-, omgewings- en etiese kwessies te versterk of uit te daag. Begrip en interpretasie van kommunikasie in ontwerp 'n Begrip van die ontwerper se verantwoordelikheid met betrekking tot omgewingskwessies en volhoubare ontwerp

VEREISTES VIR 'N GEVALLESTUDIE VAN 'N ONTWERPER, ONTWERPGROEP OF ONTWERPAT'ELJEE

- Invloede: onmiddellike omgewing, identifikasie van die verbruiker, en tendense
- Styl-eienskappe
- Ten minste EEN voorbeeld van ontwerp/produk: identifiseer die noodsaaklikheid/die opdrag van die klient/ doel van die eindproduk, keuse van materiale/sisteme, ontwerp produksie en ontwerp proses
- Enige impak van sosiokulturele- en/of omgewingskwessies, indien van toepassing, op die volhoubaarheid van die ontwerp of besigheid
- Bemerkingsstrategie, indien van toepassing
- Definieer hoe die sukses van die finale produk gemeet was

LOOM (onderworpe aan beskikbaarheid)

Enige ontwerptydskrif, byvoorbeeld, *House and Leisure*, *World of Interiors*, *Visi*, *Elle Deco*, ens.

Artikels van webwerwe, byvoorbeeld, DESIGN>MAGAZINE en DESIGN>EDUCATION, die aanlyn ontwerppublikasies

Craft art in South Africa (Elbe Coetsee)

Design basics (David A Lauer)

Design culture now (Steven Skov Holt)

Inspiring – a sourcebook – designers (Paul Rodgers)

Meggs' history of graphic design (Phillip B Meggs, et al.)

Paperwork and more paperwork (Nancy Williams)

Pepin Press, vir boeke oor verpakking, konstruksie, en tekstiel- en patroonontwerp

Taschen reeks van ontwerpboeke bekend as *Taschen 25*, byvoorbeeld, *Signs*, *1000 Chairs*, *Packaging design now!*, *1000 record covers*, *Design of the 20th century*, *Sixties designs*, *The world of ornaments*, *Architecture now!*, *Fashion: a history from the 18th to the 20th century*, *Art Nouveau*, *Indian style*, *Mexican style*, etc.

Handboeke goedgekeur deur die Nasionale Departement

The new design source book (Penny Sparke et al.)

Woolworths' *Making the difference through design daily* hulpbronboek

VOORBEELD:

ONTWERP

GRAAD 10-LESBEPLANNING JAAR.....

KWARTAAL 1 2 3 4

TYD/RAAMWERK	AKTIVITEIT/ ONDERWERP	ONDERWYSER- AKSIE	LEERDER-AKSIE	INHOUD EN KONTEKS	HULPBRONNE	FORMELE ASSESSERING	REFLEKSIE	UITGEBREIDE GELEENTHEDE EN LEERSTOORNISSE	VOLTOOIDATUM
Week 1					Handboek: Ander:	Instrumente: Kriteria			
					Handboek: Ander:	Instrumente: Kriteria			
Week 2									

